



LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD
Sondag 28 Oktober 2012

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 147:1	705	Psalm 138:1 & 4	670
2.	Psalm 71:1	353	Psalm 77:1 & 7	384
3.	Psalm 73:5	371	Psalm 45:1 & 10	696
4.	Psalm 68:13	336		

BYBELSTUDIE GROEPE



SONDAG 28 Oktober 2012

- 19:00-20:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Hebreërs*.

WOENSDAG 31 Oktober 2012

- 10:00-11:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Lukas*.

WOENSDAG 31 Oktober 2012

- 18:00-19:00 in die konsistorie naskoolse Jeug.

GEE-JAAR 2013

'n Jaar van geestelike groei waarin jy toegerus word om die Koninkryk van Christus te help bou deur middel van kommunikasietegnologie. Skakel Suzanne Coetzer

☎ 018-297-3986.

Navrae op www.kruispad.net

GEMEENTE ETE

Saterdag 3 November 2012– gee asseblief jou naam op vir jou diaken (of enige diaken) sodat ons kan voorberei vir die lekker kuier en eet.



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 28 Oktober 2012

Nommer 30

**GOD SE GENADE EN MENSLIKE
VERANTWOORDELIKHEID**

As 'n mens oor die verhouding tussen jou menslike verantwoordelikheid en die inwerking van God se genade praat, mag jy nie die posisie van die Heilige Gees in jou lewe as gelowige verkeerd verstaan nie. Die mens en die Heilige Gees is nie *twee gelykstaande partye* nie. Hulle is ook nie *konkurrente* of *opponente* of *mededingers* om aandele in die verlossingswerk nie. Die mens staan met sy wil onder God se wil: God het met sy almag en vrymag die mens met 'n eie wil opgeneem in sy Raad. In die lig hiervan moet die gelowige sekerheid kry wat sy verantwoordelikheid aan God is. Hoe moet ek my verantwoordelikheid hanteer op persoonlike vlak en in die band van die huwelik en die kring van die gesin of op breë kulturele en sosiale vlak. Dit is die vraag.

Goddelike vrymag en menslike verantwoordelikheid

Binne die beskouing van vryheid en gebondenheid ontmoet die twee lyne van *Goddelike vrymag* en *menslike verantwoordelikheid* mekaar. Dit dui op twee kante: 'n *ontvangkant* en 'n *doenkant*. Ons kan hierdie verhouding by Noag sien. Die *ontvangkant*: “Maar Noag het genade gevind in die oë van die Here” (Gen. 6:8). Die *doenkant*: “Maak vir jou 'n ark van goferhout” (Gen. 6:14). As Noag net vasgehou het aan die boodskap van genade en redding en self niks gedoen het nie, sou hulle die sondvloed nie oorleef het nie. Ten opsigte van die verlossing is die plek van die mens se verantwoordelikheid nie maklik om te verstaan nie. Dit gaan om die ewige Raad van God wat oor alles handel (Ef. 1:11). Wat ookal oor God se *genade*, *ontferming* en *vrymag* gesê kan word, dit neem niks weg van die verantwoordelikheid van die mens nie. Selfs God se voorsienigheid leer jou hoe afhanklik jy van God is, maar dit verminder nie jou persoonlike verantwoordelikheid nie. Calvyn skryf: Want God, wat ons lewe met grense beperk het, het terselfdertyd die versorging van die lewe aan ons toevertrou. Hy het ons toegerus met die middele en die hulpbronne om dit te bewaar. Hy het ons ook vooraf van die gevare bewus gemaak en voorsorgmiddels aan ons verskaf, sodat dit ons nie onverhoeds sou oorval nie”. Die menslike verantwoordelikheid is nie beperk tot sy eie lewe nie. Binne die verbondsverhouding bestaan die Goddelike vrymag en menslike verantwoordelikheid, spanningloos in harmonie met mekaar op alle terreine van die lewe. (Vervolg bl.6)



Ds. Andre de Jager



Oggenddiens Tema: **DIE TWE E OLYFBOME**

Lees: Eksodus 25:31-40 en Sagaria 4:1-3

Teks: Sagaria 4:1-3

Dit is die Here wat Sy lig laat skyn in Jesus Christus en deur die Heilige Gees en deur Sy genade kan ons daarmee saamgaan, sodat Sy lig ook in ons kan skyn. En daarom beteken ware hervorming, altyd en in die eerste plek om terug te keer na die lig van die Here. Wanneer ek die Here ontmoet, wanneer ek in Sy teenwoordigheid kom kan ek nie dieselfde bly nie. Want 'n ontmoeting met die Here is 'n gebeurtenis wat my afbreek en weer opbou om my in 'n nuwe rigting te stuur. Dit is nie altyd maklik om ander te help nie. As ek minder terug kry as wat ek insit, dan raak dit moeilik om ander te help. En tog is dit juis wat ons moet verstaan as ons die evangelie wil verstaan. Die moed, die oortuiging, die opoffering, om te waag vir ander. En die rede hoekom ons kan.



Aanddiens Tema: **RYKDOM SELFS IN ARMOEDE. LEWE SELFS IN DIE DOOD**

Lees: Openbaring 2:8-11

Teks: Openbaring 2:9a & 10b

Dit lyk soms asof ons 'n lewe van teenstellings het. Asof die wat nie Christene is nie, kan doen wat hulle wil en hulle lewe is maklik, selfs voorspoedig, terwyl ons wat wel Christen is, dikwels die Here moet dien te midde swaarkry en opoffering. Baie kere juis omdat ons Christene is. Hoe verstaan ons dit? Op die oog af sou die gemeente gelyk het na 'n model kerk. In ons tyd sou ons dit kon beskou as 'n model-Gereformeerde kerk. Maar Jesus Christus het nie net na hulle daade gekyk nie, maar ook na hulle hart. En in hulle hart sien Hy iets wat al hulle harde werk, opofferings en deursettingsvermoë ongedaan maak.

Geheim van die menslike verantwoordelikheid

Die geheim van die *mens se verantwoordelikheid* word in Efesiërs 5:18 vertolk, waar in verband met die groei van die geloofslewe gesê word: "word met die Gees vervul". Paulus vermaan die Efesiërs: "Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid." Hierdie deel van die sin wys op die aktiwiteit van die mens wat tot sonde in sy lewe lei. Dan maak Paulus die kontras met "maar word met die Gees vervul" – die opdrag in passiewe sin. God wat skeppend spreek, die mens wat gelowig hoor, luister en gehoorsaam, is 'n lyn wat deur die hele Bybel loop en daarbo kan die mens nooit uitkom nie. Waar dit gaan om die **goddelike genade** en die **menslike verantwoordelikheid** is die formulering van groot belang. Dit gaan onder andere om die verhouding tussen *heiliging* en *heil*. Kan die gelowige sê dat hy alleen deur genade gered word? Moet die mens dan nie in 'n mate met die genade meewerk nie? Die begrip *meewerk* is gans te vlak in betekenis om die verhouding in hierdie opsig uit te druk. Deur sy werke voeg die mens niks by tot die voldonge genade waarop hy hom in die geloof verlaat nie. Deur die geloof word die uitverkorene in Christus ingelyf en neem al sy weldade aan. Inlyf staan teenoor "weldade aanneem". As die genade deur die geloof operasioneel word beteken dit dat die genade in die lewe van die gelowige toegepas word. Die genade word benut, van die genade word gebruik gemaak. Die genade word met dankbare gehoorsaamheid in die lewe van die gelowige toegepas. Die mens word in die genade **aktief**.

Die mens werk nie met die genade nie

Sommige sê dat in die lewe van die mens niks van God se genade gesien kan word nie. Verkeerd! As die genade, deur die geloof werksaam word in die lewe van die mens, word dit sigbaar in lewensdade wat by die genade en die geloof pas. Hier moet baie duidelik onderskei word: die mens werk nie **met** die genade nie, maar **in** die genade deur die geloof, want so is die gelowige by Jesus Christus ingelyf, en word die genade sigbaar in die mens se woorde en daade (Jak. 1:19-27; Jak. 2:14-26). Geloof hou in dat die mens *werksaam* sal wees, maar ook maar ook dat hy nooit op sy eie werke die grond vir sy verlossing sal sien en in homself roem nie. Paulus sê dat die mens nie deur werke nie, maar deur die geloof geregverdig word. Hy sê ook dat die mens in die gerig van God na hulle werke geoordeel sal word (Rom. 2:9-11; 1 Kor. 3:13; 1 Kor. 4:5; 2 Kor. 5:10; Gal. 6:7-9; Kol. 3:23). Die verhouding tussen **goddelike genade** en **menslike verantwoordelikheid** omskryf Paulus in 1 Korintiërs 3:10-15. As die geloof in hoofsaak waardelose vrugte oplewer, ontvang die mens geen 'loon' nie, maar word hy wel self gered, egter met skade en skande (vs. 15). Paulus maak 'n belangrike onderskeid tussen die natuurlike en die geestelike mens (1 Kor. 2:14). Dit is die *natuurlike mense* wat die Heilige Gees nie het nie. "Maar die geestelike mens beoordeel wel alle dinge; self egter word hy deur niemand beoordeel nie" (1 Kor. 2:15). Dit is die *geestelike mense* wat die Heilige Gees het en wel glo. Maar die *geestelike mense* kan ook *vleeslik* wees en optree as onmondiges in Jesus Christus. Hulle moet volmaaktes word.

6. SIMBAAL 28 Oktober 2012**Leiding van die Gees en menslike verantwoordelikheid**

Die *leiding van die Heilige Gees* gaan nie buite die *verantwoordelikheid van die gelowige* om nie (Hand. 20:22; Hand. 21:4). Die gelowige is by die leiding van die Heilige Gees betrokke, hy verloor nie sy eie verantwoordelikheid nie. Ons kan prediking as voorbeeld gebruik: Aan prediking sit daar twee kante: (a) die Woord van God wat aan die lidmate *bedien* word en (b) die prediker as mens wat die Woord van God bedien. Dit is twee kante, twee sye van een en dieselfde saak. Prediking is die werk van God die Heilige Gees maar ook die werk van die mens, en hierdie twee kan nie van mekaar geskei word nie. In die prediking werk die Heilige Gees deur die optrede van die gelowige. Dit is nie waar die inhoud van hierdie saak eindig nie. Ook in die lewe van elke gelowige is hierdie twee sake teenwoordig: (a) die Evangelie met al God se beloftes wat deur die Heilige Gees aan die gelowiges bedien word deur die prediker en (b) daarmee saam die oproep om op die evangelie te antwoord met geloof en bekering.

Geloof en menslike verantwoordelikheid

Die vraag kom vanself na vore *watter rol die mens* toekom, wanneer die Gees deur die Woord die geloof in die hart werk. Die vraag is: het die mens daarby 'n eie aktiewe rol? Die volgende tekswoorde wys op 'n sekere kant van die saak:

- "Daarom is dit uit die geloof, sodat dit volgens genade kan wees" (Rom. 4:16).
- "Die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus" (Rom. 3:22).
- "En hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig" (Rom. 3:24).

Die inhoud van God se Woord verhoed ons om ooit van die geloof te praat as 'n prestasie wat deur die mens gelewer moet word as **voorwaarde** vir die toegang tot die heil. Dit is genade om die geloof te ontvang (Fil. 1:29). Geloof is die afsien van elke menslike prestasie om voor God te kan bestaan en verlos te word. Geloof is prysgawe van menslike selfversekerdheid in Joodse en heidense sin en die volledige aanvaarding van die gekruisigde en opgestane Christus in Wie die heilsekerheid lê.

God leer dat geloof noodsaaklik is om deel te kry aan die heil in Christus. "Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom" (Joh. 3:36). "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin" (Hand. 16:31). Die evangelie verbied die mens om groot te praat van en te spog met die dade van die mens wat glo. God skep deur sy Gees en Woord alle voorwaardes vir die mens om tot geloof te kom (Rom. 10:13-17). Die voorwaarde is dat Jesus Christus die sondeskuld van die mens sal betaal en die sondestraf sal dra (Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 10-15. Tog moet die mens glo. *Die geloof word nie buite die beslissing van die mens om gewerk nie, maar dit s juis die krag van die evangelie, waarin Christus as die gekruisigde afgeskilder word* vryheid en verantwoordelikheid. Anders sou die vele opdragte in die Nuwe Testament in geheel onbegryplik wees.

(Vervolg bl.7)

SIMBAAL 28 Oktober 2012**3.****LIEF EN LEED**

- ♦ **Emma Bezuidenhout** kry chemoterapie nadat sy weer met kanker gediagnoseer is. Ons bid haar die seën en krag van die Here toe. . (Wyk 17 ☎ – 018-468-1372).
- ♦ **Elsabe du Plessis** is Donderdag geopereer. Ons bid dat die operasie suksesvol was en jy vinnig weer op die been sal wees. (Wyk 16 ☎ – 083-261-8522).
- ♦ **Maryke Botha** is Dinsdag geopereer. Ons is dankbaar dat die operasie goed afgeloop het en bid haar 'n vinnige herstel toe. (Wyk 20 ☎ – 018-468-7630).
- ♦ **Anton en Santie van der Westhuizen** se seun, **Anton**, is gedurende die afgelope week deur rowers oorval en vasebind. Ons bid dat die gesin hierdie traumatiese gebeurte spoedig in die geloof sal verwerk. (Wyk 24 ☎ – 018-468-3553).

SAKE VIR DIE SUSTERS**KOEKSISTERSBAK****Dinsdag, 13 November 2012**

Die susters beplan om elke tweede maand koeksisters te bak om die susterskas aan te vul.

Ons vra **asseblief** donasies: **Bestanddele** soos Olie/suiker of Kontantbydraes gemerk: **Koeksister donasie**.

Baie dankie vir die bydrae wat ons so gereeld ontvang.

Bestelling met betaling vanaf 5-12 November 2012 by Kotie/Bets.

R20 vir 500g

UITSTAPPIE VAN SENIOR LIDMATE

Op Maandag, 22 Okt. 2012 het die susters die senior lidmate bederf met 'n heerlike ontbyt by Panarottis. Daarna het almal die rolprent Wolwedans in die skemer gaan kyk. Heerlik! Almal het dit terdeë geniet en gesê hulle was jare laas in 'n flik. 'n mens vergeet hoe indrukwekkend

KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
28 Oktober	Barmhartigheid	Bybelverspreiding
04 November	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma
11 November	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma
18 November	Barmhartigheid	Emeritaatsversorging

GEMEENTEPROGRAM

Sondag 28 Oktober tot Saterdag 3 November 2012

Sondag 28 Oktober	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 28 Oktober	Katkisasië Afsluiting	10:30-11:15
Sondag 28 Oktober	Aanddiens	18:00-19:00
Sondag 28 Oktober	Bybelstudie Konsistorie	19:00-20:00
Maandag 29 Oktober	Breë Kerkraad	18:00
Woensdag 31 Oktober	Bybelstudie Konsistorie	10:00-11:00
Woensdag 31 Oktober	Bybelstudie Jeug Naskool	18:00-19:00
Saterdag 3 November	Gemeentesamekoms	

TEESKINKBEURTE

Sondag 28 Oktober 2012	Wyk 18 & Wyk 19
Sondag 04 November 2012	Wyk 20 & Wyk 21
Sondag 11 November 2012	Wyk 22 & Wyk 23
Sondag 18 November 2012	Wyk 24 & Wyk 25

VERJAARDAE

28 Oktober 2012 tot 3 November 2012

28 Okt.	Gerdamarie Young	Wyk 14	083-270-1930
28 Okt.	Johan Viljoen	Wyk 07	083-296-5192
01 Nov.	Peet van der Walt	Wyk 18	018-468-3461
02 Nov.	Herman Havinga	Wyk 03	084-233-3032
02 Nov.	Annamarie Daffue	Wyk 09	018-468-3468
03 Nov.	Faan du Preez	Wyk 20	084-581-6837

Van harte geluk aan die verjaardagmense. Mag julle nuwe lewensjaar deur die Here geseën word met geluk en vreugde.

is die groot skerm.

4
SIMBAA

L 28
Oktober
2012



Die enigste lig op die toekoms is geloof.

SIMBAAL 28 Oktober 2012

5.

BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE ONTVANG

- Ds. RA Bain van Cachet na Die Kandelaar.
- Ds. W Jobse van Barkly-Oos/Maclear-Elliot-kombinasie na Jeffreysbaai.

Webwerf CJBF - www.cjbf.co.za

Op hierdie webwerf verskyn nie net al die formuliere en gebede nie, maar ook die kerklike vorms wat u nodig mag kry. Ons het die huidige Kerkordeboekie eweneens op die webwerf geplaas. Onder die publikasies is daar twee afdelings:


1. ons huidige lys van keurige publikasies kan van die webwerf af bestel word;
2. die tweede is publikasies wat uit druk is, en elektronies aan u beskikbaar gestel word, sodat u dit gratis op u rekenaar kan aflaai, of selfs versoek dat ons dit weer vir u druk. Onthou u nog die *Quo Vadis*? Dit is nou op die internet beskikbaar. Dit is gekoppel aan die Noordwes Universiteit (NWU) se biblioteek, sodat u onderwerpe kan soek wat bespreek is.

Verder is daar baie bruikbare hospitaallektuur (wat ons graag verder wil uitbrei) asook ander evangelisasielektuur beskikbaar.

KERSPROGRAM - 2012

Die **koor** wat tydens die Kersprogram van 2012 optree oefen vanoggend na die erediens in die Gemeentesentrum van Klerksdorp, h/v Smitstraat en Flamwoodrylaan.

KATKISASIE-AFSLUITING



Die katekisasieklasse vir 2012 word vanmôre afgesluit vir die jaar. Die kinders in die verskillende skoolgrade word 'n suksesvolle eksamenperiode toegewens en daarna 'n ontspanne en heerlike vakansie.

Aan dié lidmate wat vir 2012 die verskillende klasse onderrig het word hartlik bedank vir hulle onbaatsugtige diens. Dit is veel gevra om elke Sondag in die kwartaal beskikbaar te wees en betyds vir die lesse voor te berei. Baie dankie vir u werk aan die dooplidmate van die gemeente. God sal julle werk seën.



Geloof maak nie blind soos mense soms beweer nie. Geloof is 'n lewenswyse. 'n Lewenswyse uit die versekering dat God regeer.